

**Prosedures vir die aanmelding van seksueel
misbruikte kinders in 'n landelike gebied: 'n
verkennende ondersoek na die persepsies van
rolspelers.**

C.PAULSE
239 178 73

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike nakoming vir die graad
Magister in Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk aan
die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof C.Strydom
Medestudieleier: Me A.Vermeleun

Oktober 2014

Inhoudsopgawe

Dankbetuigings.....	iii
Opsomming.....	iv
Abstract.....	v
Voorwoord.....	vi
Voorskrifte aan outeurs.....	vii
Plegte verklaring.....	viii
1 Titel:	1
1.1 Sleutelterme:	1
2. Probleemstelling.....	1
3. Doelstelling van die navorsing	6
4. Sentrale teoretiese stelling.....	6
5. Metode van ondersoek.....	6
5.1 Literatuurstudie	6
5.2 Empiriese ondersoek.....	7
5.2.1 Navorsingsbenadering.....	7
5.2.2 Navorsingsmetode	7
5.2.3 Deelnemers	7
5.2.4 Data-insamelingsmetode	8
5.2.5 Data-analise.....	9
5.2.6 Vertrouenswaardigheid (Botma <i>et al.</i> 2010:232-234)	9
5.2.7 Etiese aspekte.....	10
6. Begripsomskrywing.....	11
6.1 Landelike gebied.....	11
6.2 Kinders.....	12

6.3	Rolspelers	12
6.4	Seksuele misbruik.....	12
6.5	Persepsies.....	12
6.6	Prosedure(s)	12
7.	Bespreking van Navorsingsresultate	12
7.1	Profiel van respondente	13
7.2	Temas en Subtemas	14
7.2.1	Tema 1: Seksuele misbruik.....	14
7.2.2	Tema 2: Huidige aanmeldingsprosedures.....	16
7.2.3	Tema 3: Alternatiewe prosedures vir aanmelding van seksuele misbruik	20
8.	Gevolgtrekkings	24
9.	Aanbevelings.....	25
10.	Slotgedagte	27
11.	Bibliografie.....	28-36
	Bylae.....	
	Bylaag 1: Skriftelike toestemming van Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.....	37
	Bylaag 2: Skriftelike toestemming van deelnemers.....	39
	Bylaag 3: Sertifikaat van Etiese goedkeuring.....	41
	Bylaag 4: Brief van ooreenkoms.....	43
	Bylaag 5: Brief vir taalversorging.....	44
	Bylaag 6: Vraelys vir deelnemers.....	46
	Lys van Grafieke	
	Grafiek 1: Respondente se beroepe.....	13
	Lys van Tabele	
	Tabel 1: Vertrouenswaardigheid.....	9
	Tabel 2: Temas en Subtemas van die studie.....	14

Dankbetuigings:

Ek wil graag die volgende persone bedank wie my ondersteun het tydens die voltooiing van my studies:

- My Hemelse Vader, wie saam met my hierdie reis begin het, en sonder wie ek nooit die reis kon voltooi het, nie. Alle eer aan u!
- My eggenoot, Alphonso, vir jou bemoediging en ondersteuning.
- My moeder, Wendy en suster Chantal, wie se gebede en ondersteuning my deurgedra het. Dankie vir jul motivering.
- My seun, Liam, wie by tye sonder my moes klaarkom, dankie vir jou geduld en liefde.
- Prof. Corinne Strydom en Mev Vermeulen, vir jul geduld, aanmoediging en leiding.
- Elke deelnemer wat bereid was om aan die navorsing deel te neem.
- Mev. Johanna Muller vir die professionele wyse waarop u die dokument taal versorg het.
- Elke vriend, familielid en kollega, wie my gemotiveer het.

Opsomming

Prosedures vir die aanmelding van seksueel misbruikte kinders in 'n landelike gebied: 'n Verkennende ondersoek na die persepsies van rolspelers

Sleuteltermes: Landelike gebied, Kinders, Rolspelers, Seksuele misbruik, Persepsies, Prosedures en Aanmelding

Seksuele misbruik van kinders is baie hoog in Suid-Afrika. Dit blyk dat seksuele misbruik van kinders in landelike gebiede nie aangemeld word nie. Die fokus van die studie was gemik op die persepsies van rolspelers aangaande die prosedures vir die aanmelding van seksuele misbruikte kinders in 'n landelike gebied.

Alternatiewe prosedures was voorgestel wat in landelike gebiede benut kan word om die aanmelding van seksuele misbruik van kinders aan te moedig.

Die kwalitatiewe benadering was benut om rolspelers se ervarings en persepsies te beskryf. Semi-gestruktureerde onderhoude was gevoer om die doelwitte van die navorsing te bereik. 15 Semi-gestruktureerde onderhoude was gevoer en die onderhoud skedule het gefokus op respondente se persepsies en ervarings oor aanmeldingsprosedures in die landelike gebied.

Die resultate was verdeel in subtemas, en het gedui dat alternatiewe prosedures vir die aanmelding van seksuele misbruik van kinders nodig is in landelike gebiede.

Abstract:

Procedures for the reporting of sexually abused children in a rural area: An Exploratory investigation of the perceptions of role-players

Key terms: Rural area, children, role-players, sexual abuse, perceptions, procedures and reporting

Sexual abuse of children is very high in South-Africa. It also seems that sexual abuse of children is not reported, especially in rural areas. The focus of this study was to look at the perceptions of role-players with regards to the procedures for reporting sexual abuse of children in a rural area.

Alternative procedures were suggested which can be used in rural areas to encourage the reporting of sexual abuse of children.

The qualitative research approach was used to describe the perceptions and experiences of role-players. Semi-structured interviews were conducted to reach the goals of the research. 15 Semi-structured interviews were conducted and the aim of the interview schedule was to focus on the perceptions and experiences of participants with regards to reporting procedures.

The results was divided into sub-themes and indicated that alternative procedures for the reporting of sexual abuse is necessary in rural areas.

VOORWOORD

Die artikelformaat is ooreenkomstig Regulasie A.7.5.7.4 in die jaarboek 2010 Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk gekies. Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif *Social Work/Maatskaplike Werk*.

Die artikel bestaan uit 60 krediete uit 'n total van 188 krediete van die Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif *Maatskaplike Werk/Social Work* se vereistes het as basis gedien ter formulering van hierdie artikel.

Hierdie tydskrif publiseer artikels, besprekings asook kommentaar op ander artikels wat verband hou met die vakgroep Maatskaplike Werk. Ander dissiplines se artikels wat relevant is, word ook daarin geplaas. Engelse sowel as Afrikaanse artikels word aanvaar, maar Afrikaanse artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming. Alle artikels word dan krities maar vertroulik deur minstens twee keurders beoordeel. Indien daar drastiese veranderinge aan die artikel aangebring moet word, sal dit aan die outeurs teruggestuur word. 'n Disket sowel as 'n duidelike kopie van die artikel moet ingestuur word, waar die artikel slegs op een kant van die bladsy en in dubbelspasiëring getik is. Die Havard-stelsel moet gebruik word vir verwysings. Alle verwysings/aanhalings moet met die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommers tussen hakkies, in die teks verskyn. Verder word die bronne alfabeties volgens die outeurs se vanne in die bronnelys aangebring.

PLEGTE VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Chanay Paulse, dat hierdie artikel getitel “Prosedures vir die aanmelding van seksueel misbruikte kinders in ’n landelike gebied: ’n Verkennende ondersoek na die persepsies van rolspelers”, my eie werk is. Ek verklaar ook dat alle bronne en verwysings waarvan daar gebruik gemaak is of aangehaal is deur my deur middel van gestandaardiseerde verwysingstegnieke aangedui en erken is.

Handtekening

Datum

1 Titel:

Prosedures vir die aanmelding van seksueel misbruikte kinders in 'n landelike gebied: 'n verkennende ondersoek na die persepsies van rolspelers.

1.1 Sleuteltermes:

Aanmelding; Kinders; Landelike gebied; Persepsies; Prosedures; Rolspelers; Seksuele misbruik.

2. Probleemstelling

Die seksuele misbruik van kinders is 'n groot vraagstuk in Suid-Afrika (Reyneke & Kruger, 2006:75). Anon. (2009:1) wys daarop dat 'n kind elke 3 minute in Suid-Afrika verkrag word. Die Misdaad Informasie Beheersentrum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) (SA, 2003) dui aan dat 22 1072 kinders onder die ouderdom van 17 jaar verkrag is gedurende 1998, terwyl statistiek van 2003 aandui dat 15% van verkragtingslagoffers jonger as 12 was. Richter en Dawes (2008:80) verduidelik dat, weens bogenoemde statistieke, verskeie wette opgestel is ten einde die beskerming van kinders te verseker, byvoorbeeld Die Kinderwet en Regulasies (SA, 2010).

Seksuele misbruik word egter nie altyd aangemeld nie en Dunn (2008:37) noem dat slegs 15 uit elke 100 gevalle van seksuele misbruik, aangemeld word in Suid-Afrika. Dit lei gevolglik tot slegs 1 uit elke 7 gevalle wat tot vervolging en uiteindelik skuldigbevinding lei.

Om ingelig te wees hieroor, is dit nodig om die definisie van seksuele misbruik te verstaan en ook die konteks waarbinne seksuele misbruik aangemeld moet word, te ken (Greytak, 2009:16). Spies (2006:269) beskryf dit as 'n scenario waartydens volwassenes voordeel trek uit kinders se gebrek aan kennis oor seksuele aangeleenthede. Daarmee saam is die kind kwesbaar afhanklik van die oortreder se versorging, en beskik hy nie altyd oor die vermoë om homself te beskerm nie.

Volgens die Kinderwet en Regulasies (SA, 2010) is 'n kind enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Artikel 28 van die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 2010) dui verder daarop dat elke kind die reg het tot die volgende:

- 'n Naam en nasionaliteit
- Versorging deur 'n gesin

- Basiese gesondheidsdienste, behuising en maatskaplike dienste
- Beskerming teen verwaarloosing en seksuele misbruik.

Volgens hierdie Grondwet is kinders dus geregtig op beskerming en word hul basiese regte geskend wanneer hul seksueel misbruik word.

Die navorser is tans werksaam as proefbeampte in 'n landelike gebied. Dié landelike gebied word gekenmerk deur armoede, werkloosheid, alkoholisering, vroeë skoolverlating en misdaad. Yen, Yang, Yang, Su, Wang & Lan (2008:436) verduidelik in hul artikel, dat inwoners in landelike gebiede minder toegang het tot mediese, maatskaplike en opvoedkundige bronne, as wat die geval is met inwoners binne stedelike gebiede. Omdat noodsaaklike hulpbronne ontbreek, het dit 'n effek op intervensieprogramme wat daarop gemik is om seksuele misbruik te voorkom (Yen, *et al.* 2008:436). Dit is dus noodsaaklik dat maatskaplike werkers, polisie, geestelike leiers, onderwysers en gesondheidspersoneel in landelike gebiede 'n leidende rol moet speel deur middel van voorkomende programme oor seksuele misbruik. Linn, Li, Fan & Fang (2011:681) beklemtoon die siening dat die gebrek aan bewusmakingsprogramme asook inligting aangaande seksuele misbruik in landelike areas, risikofaktore mag wees en moontlik kan lei tot 'n toename in kinders wat slagoffers mag word van seksuele misbruik. Koelble en LiPuma (2010:566) verduidelik dat daar tekortkominge bestaan op plaaslike regeringsvlak, en is dit veral kenmerkend in landelike gebiede. Die kwesbaarste lede word hierdeur die ergste geraak.

Larsen, Chapman & Armstrong (1998:262) wys daarop dat hulpbronne in derdewêreld lande beperk is en dat rolspelers soos die polisie, maatskaplike dienste en regstelsel 'n leidende rol moet speel in die identifisering en bestuur van seksuele misbruik. Dit is verder noodsaaklik dat kennis geneem moet word van maatskaplike werkers in landelike areas wat hoë gevalleladings het en sodoende nie altyd seksuele misbruik effektief kan aanspreek nie, as 'n gevolg van te min tyd en lang afstande wat gery moet word om by gemeenskappe uit te kom. Van Niekerk (2003:15-16) dui daarop dat rolspelers soos skole en die regstelsel, programme in gemeenskappe moet implementeer om seksuele misbruik effektief aan te spreek. Sy is van mening dat hierdie programme daarop gemik moet wees om kinders te beskerm. 'n Tekort aan hulpbronne en mannekrag speel moontlik 'n groot rol hierin. Cussons en Strydom (2013:71) het ook in hulle ondersoek bevind dat landelike

gebiede 'n gebrek het aan professionele persone om bystand te verleen by die seksuele misbruik van kinders. Christofides *et al.* (2003:39) beklemtoon dat onderlinge samewerking tussen gesondheidspersoneel, die polisie, maatskaplike werkers en nie-regerings organisasies noodsaaklik is om seksuele misbruik aan te spreek.

Volgens Lewis (2003:3) is die nie-aanmelding van seksuele misbruik in landelike gebiede baie hoër as dit wat gerapporteer word. Alhoewel baie landelike inwoners hulself isoleer, is baie lede binne die gemeenskappe verwant aan mekaar en lei dit soms tot 'n gebrek aan privaatheid. Die nie-rapportering van seksuele misbruik is verder nog meer problematies aangesien die oortreder in baie gevalle iemand is wat die slagoffer persoonlik ken. Lewis (2003:3) dui aan dat, hoe beter jy jou oortreder ken, hoe groter is die kans dat jy die misdaad nie sal aanmeld nie. Christofides *et al.* (2003:1) meen dat die lae koers van rapportering van seksuele misbruik, aan faktore soos gebrek aan vertroulikheid, stigmatisering, vrees vir die oortreder, verdere trauma asook vrese dat die oortreder nie vervolg sal word nie, toegeskryf kan word.

Mattingly en Walsh (2010:1) is van mening dat gemeenskappe in landelike gebiede verskeie uitdagings in die gesig staar, bv. familiespanning, alkoholverslaving, gesondheidsprobleme asook gesinsgeweld. Hierdie risikofaktore lei dikwels tot isolasie as gevolg van die onvermoë om dit effektief te hanteer. Mattingly en Walsh (2010:3) dui verder aan dat bogenoemde 'n teelaarde is vir seksuele misbruik, en het dienste soos maatskaplike ondersteuning, ouerprogramme en bewusmakingsveldtogte noodsaaklik geword.

Csásky (2008:1) wys daarop dat daar drie belangrike tekortkominge is rakende die hantering van seksuele misbruik in landelike areas. Eerstens word jong kinders nie genoeg ondersteun en gemotiveer om te praat oor seksuele misbruik nie, en verder is daar nie sterk leiers wat na vore kom om te verseker dat prosedures opgestel en geïmplementeer word nie. Derdens is daar 'n gebrek aan ondersteuning vanaf diensverskaffers binne landelike gebiede. Francis *et al.* (2012:63) dui ook in hul navorsing dat 'n gebrek aan ondersteuning deur gemeenskapslede en organisasies wel daartoe bydra dat individue nie seksuele misbruik sal aanmeld nie. Dawson en Wells (2007:45) verduidelik dat faktore soos minimale samewerking tussen

organisasies en 'n gebrek aan multidissiplinêre spanne in gemeenskappe, 'n negatiewe impak het op die aanmelding van seksuele misbruik.

Csásky (2008:12) is van mening dat die nie-aanmelding van seksuele misbruik aan verskeie faktore toegeskryf kan word, onder andere:

- **Negatiewe ekonomiese verliese**

In hierdie gevalle is die beweerde oortreder die broodwinner. Smith *et al.* (2009:262) beklemtoon dat vrees vir ekonomiese verlies, vroue en kinders meer kwesbaar maak vir seksuele misbruik.

- **Stigmatisering**

Veral jong vroue in klein dorpe, vrees dat hulle geteiken en blameer kan word. Francis *et al.* (2012:63) stem saam met die siening en dui daarop dat inwoners in klein gemeenskappe nie graag seksuele misbruik sal aanmeld nie, as gevolg van stigmatisering en blamering.

- **Hulpeloosheid**

Ouers se onvermoë en onkunde wanneer 'n kind sou onthul, is hier ter sprake.

- **Kulturele norme**

Smith *et al.* (2009:260) is van mening dat tradisionele norme en standarde jong meisies meer kwesbaar maak vir seksuele misbruik. Dieselfde skrywers dui verder aan dat daar van jong meisies verwag word om volwassenes te respekteer en nie hul aksies te bevraagteken nie – ter wille van goeie verhoudinge. Christofides *et al.* (2003:1) stem saam dat faktore soos vrees vir blamering en vrees vir die regsproses 'n rol speel wanneer dit kom by die aanmelding van seksuele misbruik.

Matthews *et al.* (2011:84) is van mening dat seksuele misbruik van kinders 'n globale probleem is wat binne alle kulture en sosio-ekonomiese gebiede plaasvind. Van Wyk (2011:414) wys daarop dat 'n groot aantal kinders in Suid-Afrika aan seksuele misbruik blootgestel word. Hy dui verder aan dat dit blyk asof seksuele misbruik van kinders hoër in Suid-Afrika is as in ander lande. Sampson (2011:12) noem dat daar 'n verhoging is in die aantal jong meisies en vroue wat slagoffers is van seksuele misbruik. Sy is van mening dat verskeie faktore hieraan toegeskryf kan word, naamlik hoë vlakke van armoede, aanvaarding van geweld in gemeenskappe,

kulturele tradisies asook substansiemisbruik. Sampson (2011:15) is verder van mening dat veral effektiewe programme noodsaaklik is ter ondersteuning van slagoffers van seksuele misbruik.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (SA, 2010:6) meld dat dienste vir slagoffers wel verbeter het, maar nog nie geïntegreer is binne alle Staatsdepartemente en ander rolspelers nie. Dienste aan slagoffers het tans 'n beperkte impak en moet 'n slagoffer-vriendelike sisteem ontwikkel word om die negatiewe impak van seksuele misbruik op slagoffers te minimaliseer. Howe (2005:204) dui aan dat seksuele trauma 'n groot invloed het op kinders se funksionering, naamlik 'n baie lae selfbeeld, depressie, selfmoord, onvanpaste seksuele gedrag en groter geneigdheid om seksueel aktief te wees.

Kirstner *et al.* (2004:7) verduidelik dat seksuele misbruik van kinders te doen het met die misbruik van "mag" op ekonomiese, sosiale en sielkundige vlak. Hierdie mag verskil ten opsigte van ouderdom en kennis. Van Niekerk (2003:11) wys daarop dat seksuele misbruik in Suid-Afrika selde aangemeld word en dat dit toegeskryf kan word aan faktore soos beperkte toegang in landelike gebiede asook die polisie diens en die regstelsel. Dieselfde skrywer meen dat gesinne meestal in armoede leef en dat intimidasie en vrese om die misdaad te rapporteer, kan bestaan. Spies (2006:49) wys daarop dat nie alle kinders die effek van seksuele misbruik dieselfde ervaar nie. Sy is van mening dat, wat ook al die vorm van seksuele misbruik is, die invloed hiervan op die langtermyn, traumaties en skadelik is vir kinders.

Volgens Kirstner *et al.* (2004:7) ontbreek die volgende aspekte wanneer seksuele misbruik aangemeld word:

- Opleiding – bewusmakingsprogramme in skole en gemeenskappe;
- Aanmoediging vir die gemeenskap om betrokke te raak by die aanmelding van seksuele misbruik;
- Die aanleer van vaardighede by ouers en kinders en die implementering van voorkomingsprogramme;
- Opleiding aan polisie lede ten einde seksueel misbruikte kinders te ondersteun.

Opsommend: Seksuele misbruik is 'n gegewe verskynsel in Suid-Afrika (Christofides *et al.* 2003:1) en die rapportering daarvan is laag, veral in landelike gebiede. Volgens Neame en Heenan (2004:11-16) is daar verskeie probleme wat landelike gebiede in die gesig staar wanneer dit kom by die aanmelding van seksuele misbruik naamlik isolasie, diensverskaffers en ontkenning dat seksuele misbruik wel plaasvind. Ná konsultasies met die betrokke maatskaplike werkers wat dienste aan kinders en gesinne in 'n landelike gebied lewer, is dit duidelik dat die aanmelding van seksuele misbruik baie min, indien ooit, plaasvind. Cruise (2004:1) is van mening dat dit noodsaaklik is dat ouers en opvoeders ten volle toegerus moet word met vaardighede, sodat effektiewe stappe geneem kan word by gevalle van seksuele misbruik. Sy beklemtoon verder dat ondersteuning in gemeenskappe en die aanbied van programme 'n noodsaaklikheid is om hierdie kwessie aan te spreek.

Die vraag is hoekom dit nie aangemeld word nie en wat verskillende rolspelers se kennis, houdings en oortuigings is met betrekking tot die prosedures wat gevolg moet word om dit moontlik te maak om seksuele misbruik aan te meld.

Vanuit bogenoemde probleemstelling is die volgende navorsingsvraag geformuleer:

Wat is die persepsies van rolspelers oor die prosedures wat gevolg moet word wanneer seksuele misbruik van kinders in landelike gebiede aangemeld word?

3. Doelstelling van die navorsing

Die doelstelling van hierdie navorsing was om te bepaal wat die persepsies is van rolspelers met betrekking tot die prosedures wat gevolg moet word wanneer die seksuele misbruik van kinders in landelike gebiede aangemeld word, ten einde aanbevelings te maak om aanmelding aan te moedig.

4. Sentrale teoretiese stelling

Indien prosedures vir aanmelding in plek is, behoort die seksueel misbruikte kind vinniger aandag te kry.

5. Metode van ondersoek

5.1 Literatuurstudie

Die navorser het van nasionale sowel as internasionale literatuur gebruik gemaak met die oog op 'n goeie literatuur-oorsig. Die navorser het verskeie handboeke,

proefskrifte, vaktydskrifte en navorsingsverslae, bronne van die Ferdinand Postma Biblioteek, databasisse soos EBSCO HOST, SABINET, SAe Publications

Die navorser het op die volgende onderwerpe gefokus:

- Die **aanmelding** van seksuele misbruik in 'n landelike gebied in Suid-Afrika;
- Persepsies van **rolspelers**;
- **Prosedures** ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik van kinders;
- **Hulpbronne** asook voorkomende programme in landelike gebiede.

Daar bestaan nie baie literatuur oor die onderwerp soos dit voorkom in 'n landelike gebied nie.

5.2 Empiriese ondersoek

5.2.1 Navorsingsbenadering

Die navorsingsdoelstelling was verkennend. Volgens Babbie *et al.* (2001: 80) impliseer dit dat die navorser verkennend te werk gaan, ten einde 'n beter begrip en insig te ontwikkel oor die onderwerp.

5.2.2 Navorsingsmetode

Volgens Glesne (2006:4) is die kwalitatiewe navorser se doel om te verstaan en te interpreteer hoe verskeie deelnemers in 'n maatskaplike omgewing die wêreld rondom hulle konstrueer. Robson (2007:21) en Creswell (2007:36) stem saam dat die kwalitatiewe navorser se fokus daarop gemik moet wees om individue en hul lewenswyses te verstaan. Babbie *et al.* (2001:272) ondersteun die siening dat dit die kwalitatiewe navorser se doel is om gebeure in die natuurlike konteks waarin dit plaasvind, te beskryf en te verstaan. Die navorser het dus 'n kwalitatiewe benadering gehandhaaf aangesien daar op die respondente se ervarings en persepsies gefokus is. Die ontwerp wat benut is, was 'n interpreterende ontwerp. Fouche en Delport (2011:65) meen dat die navorser interpreteer wat hy/sy sien, hoor en verstaan om sodoende 'n holistiese indruk te verkry.

5.2.3 Deelnemers

Pole en Lampard (2002:44) meen dat die navorser 'n navorsingsarea moet kies wat toeganklik en gerieflik is. Die respondente is vanuit 'n landelike gebied geselekteer.

Die navorser het van 'n doelgerigte nie-waarskynlikheid steekproef gebruik gemaak om deelnemers te selekteer. 'n Doelgerigte nie-waarskynlikheid steekproef word deur Strydom en Delport (2011:392) omskryf as 'n steekproef waar deelnemers gekies word op grond van hul karaktereenskappe of vaardighede, sodat die doel van die studie die beste gedien kan word.

Die seleksie van deelnemers is op grond van insluitingskriteria gedoen. Hierdie kriteria het verseker dat die navorser van waardevolle en bruikbare inligting voorsien is.

Die insluitingskriteria behels die volgende:

- Mans en vroue binne die ouderdom van 30 en 55 jaar.
- Mans en vroue wat vir die afgelope vyf jaar woonagtig/werksaam is in die betrokke landelike gebied.
- Volwassenes wat in leiersposisies is en wat insette kan lewer in die prosedures wat gevolg moet word wanneer die seksuele misbruik van kinders aangemeld word.

Om dataversadiging te voorkom, is 15 deelnemers benut wat verteenwoordigend is van die rolspelers en wat binne verskillende beroepe/belangegroepes val. Volgens Bothma *et al.* (2010:330) is dataversadiging die insameling van data tot op die punt waar nuwe inligting herhaal word.

5.2.4 Data-insamelingsmetode

Die navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude. Onderhoude word deur Robson (2007:73) gedefinieer as een-tot-een persoonlike onderhoude, waarin een persoon (navorser) met 'n ander persoon (deelnemer) praat. Babbie (2013:346) sê die volgende in hierdie verband: "...the interviewer has a general plan of inquiry..."

Andrews (2003:2) is van mening dat die navorsingsvrae beantwoordbaar moet wees. Die navorser het daarom 'n skedule opstel wat spesifiek kyk na die kennis, houdings en oortuigings van die rolspelers ten opsigte van die prosedures wat beskikbaar is wanneer die seksuele misbruik van 'n kind in 'n landelike gebied aangemeld moet word. Die skedule is vooraf getoets deur een volwassene wat nie deel is van die

navorsingsdeelnemers nie. Die skedule is ook deur die studieleiers en een deskundige van die navorsingskomitee beoordeel.

Die onderhoude is op band opgeneem en het in die kantore van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling van die betrokke gebied plaasgevind, ten einde privaatheid te verseker.

5.2.5 Data-analise

Die kwalitatiewe data is volgens die benadering van Marshall en Rossman (2006:156) verwerk. Hierdie benadering behels dat die data georganiseer word in kategorieë, temas en patrone, dat dit teenoor die sentrale teoretiese stelling getoets word en dat daar ook vir alternatiewe verduidelikings gesoek word. Die stappe is soos volg:

- Verwerk data na werkbare teks
- Lees data en maak notas
- Beskryf en klassifiseer data in kodes en temas
- Interpreteer data
- Stel data visueel voor.

5.2.6 Vertrouenswaardigheid (Botma *et al.* 2010:232-234)

Volgens Botma *et al.* (2010:232) het vertrouenswaardigheid vier standaarde, naamlik waarheidsgetrouheid, toepaslikheid, konsekwentheid en neutraliteit.

Tabel 1: Vertrouenswaardigheid

Standaard	Strategie	Kriteria
Waarheidsgetrouheid	Geloofwaardigheid	• Die navorser het 'n goeie vertrouensverhouding met deelnemers opgebou. • Transkripsies van die onderhoude is na die studieleiers gestuur vir deelnemerkontrolle. Sodoende kon vasgestel word of die vrae en bevindings akkuraat is. • Die navorser het die resultate

		volgens Marshall en Rossman (2006) se benadering verwerk.
Toepaslikheid	Oordraagbaarheid	Die getal onderhoude met respondente is bepaal deur die deelnemers in leiersposisies wat toepaslike inligting kon verskaf tot en met dataversadiging.
Konsekwentheid	Betroubaarheid	- Etiese norme is nagekom en dieselfde skedule is tydens elke onderhoud gevolg. - Die inligting soos verkry van deelnemers rakende prosedures, is geverifieer.
Neutraliteit	Toepaslikheid	- Die inhoud van die navorsing is akkuraat gereflekteer. - Die navorser is by die SA Raad vir diensberoepe geregistreer en is verbind tot etiese optrede.

5.2.7 Etiese aspekte

Die volgende etiese aspekte is in ag geneem tydens die navorsing:

- Ingeligte toestemming**

Volgens Gilbert (2006:44) moet skriftelike toestemming van ingeligte deelnemers verkry word. Dit moet vryelik deur deelnemers gegee word nadat hulle ingelig is oor die doel, die prosedures, die inhoud en tydsduur van die beoogde navorsing asook moontlike risiko's en voordele (Engel & Schutt, 2013:64). Die deelnemers moes toestemming gee dat die onderhoud op band opgeneem word. Flick (2009:294) is van mening dat bandopnames objektiwiteit van data insameling verhoog. Goedkeuring moes verkry word vanaf die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in die toepaslike gebied, asook van die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Bogenoemde goedkeuring geld vir die groot projek (NWU-00027-09-S1) asook die sub-projek.

- **Inligting aan deelnemers**

Die navorser het die deelnemers vooraf ingelig oor die doelwitte, hul rolle, asook die risiko's wat betrokke is. Geen dwang is toegepas wanneer daar met deelnemers gekonsulteer is nie.

- **Vertroulikheid**

Gilbert (2006:45) verduidelik dat deelnemers se inligting privaat is en vryelik verskaf word aan die navorser. Die navorser moet vertroulikheid verseker en dit duidelik maak dat die inligting slegs vir die doeleindes van die navorsing gebruik sal word.

Data is geberg in die navorser se kantoorkabinet en hierdie kabinet word ten alle tye gesluit.

- **Misleiding van deelnemers**

Strydom (2005:60) dui daarop dat misleiding kan plaasvind as die navorser verkeerde inligting aan die deelnemers gee, ten einde hul deelname te verseker. Die navorser moet tydens die proses korrekte inligting aan respondente verskaf en verduidelik watter voor- en nadele die proses inhou, sodat deelname vrywillig kan wees.

- **Ontlonting van deelnemers**

Strydom (2011:122) meen dat deelnemers geleentheid gebied moet word om ná afloop van die studie, te ontlont en deur hulle ervarings te werk. Aangesien die deelnemers vir hierdie studie egter nie 'n kwesbare groep deelnemers was nie, is ontlonting nie ter sprake nie.

- **Bewaring van data**

Die data word met die nodige vertroulikheid en omsigtigheid hanteer en in veilige bewaring toegesluit in die navorser se kantoor vir 'n periode van vyf jaar.

6. Begripsomskrywing

6.1 Landelike gebied

Hart *et al.* (2005:1149) wys daarop dat "landelike" na verskeie sake kan verwys naamlik klein dorpie, lae bevolking en isolasie. Muuld (2006:2) stem saam dat daar nie 'n enkele definisie vir landelike gebiede is nie. Die skrywer meen dat faktore soos

tipe werksaamhede (bv boerderye) en min industrieë, inkomstevlakke en mate van isolasie gewoonlik 'n rol hierin speel.

6.2 Kinders

Gallinetti (2004:209) wys daarop dat volgens die Grondwet van Suid-Afrika, Seksie 28 (3), 'n kind gedefinieer word as enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Ook die Kinderwet (SA,2005) (Children's Act 38 of 2005) omskryf 'n kind as enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar.

6.3 Rolspelers

Die Pharos Verklarende Woordeboek (2011:1013) verwys na 'n rolspeler as 'n persoon of organisasie wat aan 'n proses deelneem. Cummins *et al.* (2010:9) verduidelik dat rolspelers verwys na groepe mense of individue wat dieselfde belange met betrekking tot bepaalde sake deel.

6.4 Seksuele misbruik

Van Niekerk (2005:250) verwys na seksuele misbruik as die betrokkenheid van 'n kind by enige seksuele aktiwiteit deur 'n ouer persoon of volwassene, selfs al word dwang nie toegepas nie. Dit sluit verkragting, aanraking en bloedskande in. Roson (2002:14) definieer seksuele misbruik as aanraking, verkragting, statutêre verkragting, bloedskande en pornografiese foto's van 'n kind.

6.5 Persepsies

Die Oxford Woordeboek (2011:1063) verwys na persepsies soos volg: "The state of being or process of becoming aware of something in such a way of regarding, understanding or interpreting something." Dit is dus mense se siening van 'n saak.

6.6 Prosedure(s)

Die Pharos Verklarende Woordeboek (2011:956) verwys na 'n prosedure(s) as 'n wyse waarop in 'n saak opgetree word. In hierdie studie verwys dit na die stappe wat geneem moet word wanneer die seksuele misbruik van kinders aangemeld word.

7. Bespreking van Navorsingsresultate

Die doel van hierdie afdeling is om data wat verkry is van respondente, te bespreek. Gedurende analisering van die data is twee hoofemas asook subtemas


geïdentifiseer (sien tabel 2). Direkte aanhalings van respondente word gebruik om die argumente in hierdie afdeling te ondersteun.

7.1 Profiel van respondente

Altesaam 15 respondente is betrek by onderhoudvoering, waarvan 10 vroulik en 5 manlik. Alle respondente was woonagtig of werksaam binne die betrokke landelike gebied. Die respondente het almal leiersposisies beklee en kon insette lewer oor die prosedures wat gevolg kan word wanneer seksuele misbruik van kinders aangemeld word. Die respondente was almal Afrikaanssprekend. Die rolspelers was as volg:

- Twee maatskaplike werkers, werksaam by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling;
- Twee polisie-beamptes, werksaam by die Suid-Afrikaanse Polisiediens;
- Twee gesondheidspersoneel, werksaam by die Departement van Gesondheid;
- Vier onderwysers, in diens van die Departement van Onderwys;
- Vyf kerkleiers van verskeie kerke in die betrokke landelike gebied.

Grafiek 1: Respondente se beroepe:



Die grafiek verteenwoordig die verskeie rolspelers wat betrek was by die onderhoudvoering. Vanuit die grafiek is dit duidelik dat 'n minimum van twee respondente uit verskeie beroepe/velde betrek was. Wall en Statapoulus (2012:10)

wys daarop dat verskeie rolspelers betrokke is by die probleem van seksuele misbruik van kinders in landelike areas en dat gemeenskapslede ook 'n kritieke rol hierin speel.

7.2 Temas en Subtemas

Die data is in drie temas met subtemas verwerk en word eerstens skematies voorgestel en daarna in diepte bespreek.

Tabel 2: Temas en Subtemas van die studie

TEMA	Subtema
TEMA 1: Seksuele misbruik	Subtema 1: Omskrywing van seksuele misbruik Subtema 2: Voorkoms van seksuele misbruik in die area
TEMA 2: Huidige aanmeldingsprosedures	Subtema 1: Rolspelers betrokke by aanmeldingsprosedures Subtema 2: Houding van rolspelers Subtema 3: Beskikbaarheid van rolspelers Subtema 4: Samewerking tussen rolspelers
TEMA 3: Alternatiewe prosedures vir aanmelding van seksuele misbruik	Subtema 1: Bewusmakingsprogramme in gemeenskap Subtema 2: Ouerleidingprogramme Subtema 3: Opleiding aan rolspelers Subtema 4: Deurlopende dienste aan die slagoffer

7.2.1 Tema 1: Seksuele misbruik

Hierdie tema handel oor die siening van die rolspelers oor seksuele misbruik en die voorkoms van misbruik in die area.

Subtema 1: Omskrywing van seksuele misbruik

Tydens die ondersoek is respondente gevra om seksuele misbruik te omskryf. Die respondente se menings word vervolgens aangehaal:

- ✚ *Seksuele misbruik kom voor waar 'n persoon 'n kind "groom" en seksueel voorberei voor die tyd.*
- ✚ *Wanneer kinders betas word deur 'n persoon sonder toestemming.*
- ✚ *Ek glo dat dit is seks met 'n kind, daar word dan inbraak gemaak op so 'n kind se regte.*
- ✚ *Seksuele misbruik is enige seksuele kontak met 'n minderjarige persoon, teen hulle sin.*

Francis *et al.* (2012: 58) definieer seksuele misbruik as: "Physical, emotional and sexual maltreatments." Richter en Dawes (2008:81) wys daarop dat seksuele misbruik verskeie vorme kan aanneem en meen ook dat dit verskillend gedefinieer word deur skrywers. Vermeulen en Fouché (2006:15) stem saam dat verskillende definisies van seksuele misbruik bestaan. Hulle meen dat seksuele misbruik plaasvind wanneer 'n volwassene seksuele daade met 'n kind pleeg. Die Wet op Seksuele Oortreding (SA, 2007), hoofstuk 3, omskryf seksuele misdade teen kinders as verkragting, seksuele aanranding, kinderpornografie, blootstelling van kinders aan pornografie, blootstelling van kinders aan seksuele misdrywe en die blootstelling van geslagsorgane.

As 'n mens die omskrywing van seksuele misbruik deur die rolspelers vergelyk met die definisies in die literatuur, lyk dit asof meeste van die rolspelers seksuele misbruik verstaan.

Subtema 2: Voorkoms van seksuele misbruik

Alle respondente het tydens die ondersoek aangedui dat seksuele misbruik wel in die betrokke landelike area voorkom.

Die respondente se menings in dié verband is as volg:

- ✚ *Dit (seksuele misbruik) kom beslis voor.*
- ✚ *Ja, daar is baie gevalle waar dit voorkom.*
- ✚ *Ja, baie beslis dit kom voor.*
- ✚ *Seksuele misbruik kom in die area voor.*
- ✚ *Ja, dit kom voor, dit word net nie geboekstaaf nie.*
- ✚ *Dit kom gereeld voor veral onder skoolgaande kinders.*

Yun *et al.* (2009:146) dui in hul navorsing aan dat seksuele misbruik wel in landelike areas plaasvind. Mattingly en Walsh (2012:1) steun bogenoemde en

erken dat die aanmelding van seksuele misbruik met grootskaalse uitdagings gepaard gaan. Lewis (2003: 3) noem ook dat dit 'n negatiewe effek op die gemeenskap het en dat veral slagoffers negatief hierdeur geraak word.

7.2.2 Tema 2: Huidige aanmeldingsprosedures

Hierdie tema handel oor die aanmeldingsprosedures wat tans in die landelike gebied bestaan.

Subtema 1: Rolspelers betrokke by aanmeldingsprosedures

Met die ondersoek was respondente in 'n posisie om verskeie rolspelers te identifiseer wat betrokke is by aanmeldingsprosedures. Hulle menings word vervolgens aangehaal:

-  *Die hospitaal, polisie en maatskaplike werkers word ingeroep.*
-  *Die maatskaplike werkers is hier vir hulp en bystand.*
-  *Die hospitaal en die polisie.*
-  *Die onderwyser, maatskaplike dienste en die polisie.*
-  *Die polisie en dan gaan die persoon na die maatskaplike werker en na die Hof.*

Olson O'Neil *et al.* (2010:382) wys daarop dat kerkleiers, maatskaplike dienste en gemeenskappe betrokke is by die welstand van kinders. Louw (2000:27) stem saam met die respondente dat rolspelers wat betrokke is, die volgende departemente insluit: Departement van Welsyn, Departement van Gesondheid, Departement van Justisie sowel as die plaaslike regering. Chomba *et al.* (2010:1) dui daarop dat 'n multidissiplinêre span nodig is by die aanmeldings van seksuele misbruik. Die skrywers wys daarop dat hierdie span moet bestaan uit gesondheidswerkers, die polisie, maatskaplike werkers en regsliu.

Subtema 2: Houding van rolspelers

Tydens onderhoudvoering met respondente, het hulle hul sterk afkeuring uitgespreek teenoor die houding van rolspelers wat betrokke is by die aanmelding van seksuele misbruik van kinders. Respondente het aangedui dat negatiewe en onprofessionele gedrag daartoe lei dat seksuele misbruik van kinders nie aangemeld word nie. Van die respondente se reaksies word aangehaal:

-  *Die polisie en die mediese personeel kan egter baie keer onsensitief wees, dit maak dit nogal sleg.*

- ✚ *Maar ek dink baie is bietjie bangerig vir die polisie, veral die manier hoe hulle mense hanteer.*
- ✚ *Onse mense is 'n bietjie skroom en skaam en die plek waarna hulle moet gaan is die polisiestasie, en dit is 'n plek waar mense nie regtig wil kom nie, oor hulle houding.*
- ✚ *Die polisie sal moet beter opleiding kry in die emosionele hantering van sake. Dit is 'n baie sensitiewe aangeleentheid en hulle sal sterk geskoold moes wees om ons gemeenskap tot diens te wees.*

Lewis (2003:16) meen dat die gedrag van veral die SAPD in landelike gebiede, negatief is teenoor slagoffers, en dat dit uiteindelik kan lei tot die viktimisering van die slagoffers. Sy meen verder dat professionele persone nie altyd oor die vaardighede beskik wat nodig is om met slagoffers te werk nie. Van Niekerk (2003:14) wys daarop dat wanneer professionele personeel, veral die SAPD, nie onmiddellik optree wanneer dit kom by die seksuele misbruik nie, dit die kinders in nog groter gevaar kan stel. Daaruit kan afgelei word dat die SAPD, wat 'n hulpbron vir die gemeenskap moet wees, nie sodanig beleef word nie.

Trotter (2004: 143) meld dat slagoffers voel dat rolspelers in die hulpverlenings-professie onpersoonlik, is. Slagoffers meen dat rolspelers professioneel en toeganklik moet wees wanneer seksuele misbruik aangemeld word. Wuhlson (2001: 380) meen dat rolspelers wat met kinders werk toegerus moet word met die nodige vaardighede om kwaliteit dienste te verseker.

Rich en Seffrin (2012:274) toon in hul navorsing dat, in die opleiding van rolspelers, gefokus moet word op 'n addisionele komponent, naamlik die aanleer van vaardighede om met slagoffers van seksuele misbruik te werk. Hul navorsing dui daarop dat die houding van veral manlike beamptes, 'n negatiewe effek op slagoffers het.

Subtema 3: Besikbaarheid van rolspelers

Van die 15 respondente het 9 tydens onderhoudvoering te kenne gegee dat die beskikbaarheid van maatskaplike werkers tans 'n groot uitdaging in landelike areas is. Gevolglik lei dit dan dat seksuele misbruik van kinders nie effektief aangespreek word nie. Mattingly en Walsh (2012:3) wys daarop dat die beskikbaarheid van maatskaplike dienste in landelike gebiede verbeter moet word. Die skrywers meen dat die toenemende maatskaplike uitdagings van veral kinders aangespreek moet

word. Van Niekerk (2003:13) steun bogenoemde siening en wys daarop dat die gebrek aan maatskaplike dienslewering kan lei tot die verhoging van seksuele misbruik van kinders. Riebschleger (2007:212) is ook van mening dat die beskikbaarheid van maatskaplike werkers in landelike areas 'n groot uitdaging is. Sy meen dat faktore soos sosiale en ekonomiese uitdagings 'n rol hierin speel. Aanpasbaarheid en innoverende denke is van die aspekte wat kan help om bogenoemde uitdaging aan te spreek. Daley en Hickman (2011:4) steun die siening dat landelike areas negatief geaffekteer word in terme van dienslewering. Hulle meen dat oplossings gevind moet word om hierdie probleem aan te spreek en dat kreatiewe, innoverende denke aan die dag gelê moet word om dienste te verbeter, bv. 'n ná-ure roepstelsel waar maatskaplike werkers van die staat en die nie-regerings organisasies betrokke is. Waterhouse (2008: 31) meen ook dat maatskaplike werkers 'n kritieke rol speel wanneer dit kom by die seksuele misbruik van kinders. Sy verduidelik dat maatskaplike werkers veral nodig is op 'n na-uurse basis wanneer die meeste gevalle van seksuele misbruik teen kinders aangemeld word.

Anon. (2002:10) is van mening dat die karige beskikbaarheid van hulpbronne ook 'n negatiewe effek het op dienslewering. Dit veroorsaak dat landelike gesinne nie die dienste ten volle kan benut soos die inwoners in stedelike gebiede nie. Die skrywers meen dat werkers in landelike gebiede beleide en strategieë moet ontwikkel om dienste nader aan die gemeenskap te bring.

Van Niekerk (2003:12) wys daarop dat gemeenskappe nie vertrou het in die SAPD nie. Sy meen dat die beskikbaarheid van senior personele aangespreek moet word, aangesien die gebrek daaraan 'n negatiewe effek het op dienslewering. Wall en Statapoulus (2012:7) wys daarop dat die uitdaging van beskikbaarheid van personeel in landelike gebiede aan verskeie faktore toegeskryf kan word. Van dié faktore sluit in, die beperkte hoeveelheid opgeleide werkers wat nie groot salarisse ontvang nie en vir wie bevorderingsmoontlikhede beperk is. Dikwels is hierdie tipe poste vir lang tydperke vakant. Ook bevestig Jones-Lockwood (2010:7) dat landelike gebiede groot uitdagings in die gesig staar wanneer dit kom by die beskikbaarheid van rolspelers. Die skrywer meen dat faktore soos die grootte van die geografiese area en ook die beperkte aantal rolspelers 'n effek hierop het.

Van die respondente se sienings hieroor word aangehaal:

-  *Hulle sal eenvoudig iemand hier moet plaas.*
-  *Die maatskaplike werkers is nie altyd beskikbaar nie.*
-  *Prosedures is nie effektief nie omdat ons nie 'n voltijdse maatskaplike werker het nie.*
-  *Maatskaplike werkers moet meer sigbaar wees.*
-  *Daar is min betrokkenheid van maatskaplike dienste.*

Subtema 4: Samewerking tussen rolspelers

Die siening van respondente is dat alle rolspelers binne die landelike area moet saamwerk ten einde die uitdaging om seksuele misbruik van kinders effektief aan te spreek. Wall en Statapoulos (2012:11) steun die siening dat samewerking tussen alle rolspelers wat betrokke is by seksuele misbruik van kinders, noodsaaklik is. Die skrywers dui daarop dat gemeenskapslede moet kan saamwerk. Ook steun Van Niekerk (2003: 14) die siening dat beter koördinasie, kommunikasie en samewerking tussen rolspelers noodsaaklik is en dat hierdie faktore kan bydra tot beter dienslewering aan slagoffers. Lewis (2003:18) voer aan dat diensverskaffers aan landelike areas, verhoudinge met gemeenskappe moet versterk deur goeie samewerking. Pugh *et al.* (2007:5) steun die siening dat samewerking tussen alle rolspelers noodsaaklik is. Die skrywers meen dat indien dienste nie geïntegreerd is nie, dit 'n negatiewe impak op die gemeenskap kan hê. Hulle meen dat die samestelling van 'n multidissiplinêre span noodsaaklik is vir landelike gebiede.

Holm-Hansen en Kelly (2007:18) en Marchetti-Mercer (2003:11) steun bogenoemde skrywers se siening vir die samestelling van 'n multidissiplinêre span. Laasgenoemde skrywer dui aan dat dit op primêre, sekondêre en tersiêre vlakke nodig is ten einde gemeenskappe meer betrokke te kry by die beskerming van kinders. Hy meen dat slagoffers soms vrese vir die polisie koester en dat ander beamptes hier van hulp kan wees. King (2006:2) wys in sy navorsing daarop dat wanneer dit kom by die seksuele misbruik van kinders, samewerking tussen alle rolspelers uit verskillende velde noodsaaklik is. Ook steun hy die siening dat multidissiplinêre spanne nodig is. Olson O'Neil *et al.* (2010:2) wys daarop dat kerkleiers, maatskaplike werkers en gemeenskapslede moet saamwerk om kinders te beveilig. Giardino (2007: 7) wys daarop dat die rolspelers wat betrokke is by die seksuele misbruik van kinders die

volgende persone insluit: maatskaplike werkers, mediese personeel asook kerkleiers.

Die respondente meld in dié verband die volgende:

- ✚ *Ek sou wou sien dat daar meer/beter gesprekke tussen rolspelers moet wees.*
- ✚ *Die hof, die polisie, die kerk, die gemeenskap moet rondom 'n tafel sit en 'n plan uitwerk.*
- ✚ *Ek voel net as alle rolspelers kan hande vat, kan ons dit verbeter.*
- ✚ *Dit sal goed wees as al die rolspelers betrokke is.*

7.2.3 Tema 3: Alternatiewe prosedures vir aanmelding van seksuele misbruik

Die derde tema soos geïdentifiseer, het te doen met die alternatiewe prosedures wat in plek gestel moet word tydens rapportering van seksuele misbruik. Respondente se persepsies oor watter alternatiewe prosedures in plek gestel moet word, word bespreek. Dit was duidelik dat alle respondente van mening was dat die huidige prosedures nie effektief is nie en dat daar alternatiewe prosedures in plek gestel moet word.

Subtema 1: Bewusmakingsprogramme in die gemeenskap

Respondente 4, 7, 9, 10 en 14 was van mening dat bewusmakingsprogramme binne die gemeenskap noodsaaklik is. Hul opmerkings is soos volg verwoord:

- ✚ *Ek reken gebrekkige bewusmakingsprogramme bestaan binne die gemeenskap.*
- ✚ *Programme moet volhoubaar wees. Dit moet deurlopend wees. Dit moet opbouend wees vir die gemeenskap.*
- ✚ *Ek sal sê meer education, lifeskills in die gemeenskap.*

Richter en Dawes (2008:90) wys daarop dat programme in plaaslike gemeenskappe noodsaaklik is om kwesbares te ondersteun en seksuele misbruik van kinders te verlaag. Tenkorang en Gyiman (2012:515) ondersteun dié siening en wys daarop dat daar 'n behoefte is vir die ontwikkeling van opvoedkundige programme in gemeenskappe, ten einde gevalle van seksuele misbruik van kinders te rapporteer. Anangisye en Barret (2005:11) en Lalor (2004:15) meen dat bewusmakingsprogramme in landelike gemeenskappe noodsaaklik is. Die skrywers is van mening dat programme moet fokus op die regte van kinders en dat dit veral in laerskole geïmplementeer moet word. Walji-Moloo (2000:5) steun die siening dat laerskole binne gemeenskappe geteiken moet word en dat die doel moet wees om

inligting te verbeter en te verbreed. Die skrywer meen dat alle rolspelers betrokke moet wees by die opstel van sulke programme, ten einde dienste aan kinders te verbeter. Marchetti-Mercer (2003: 11) beklemtoon ook die siening dat die uitdaging van seksuele misbruik slegs bekamp kan word indien inisiatiewe soos bewusmakingsprogramme opgestel word.

Dunn (2008:38) stem saam dat programme veral in skole nodig is om seksuele misbruik te verminder of te bekamp. Die skrywer is verder van mening dat kinders vaardighede moet aanleer ten einde onaanvaarbare aanrakings te identifiseer en te hanteer. Louw (2000: 25) stem ook saam dat programme, gemik op die hantering en voorkoming van seksuele misbruik, nodig is. Sy meen dat hierdie programme deel moet vorm van die kurrikulum by skole. Sy noem dat sulke programme alreeds in die vroeë kinder-ontwikkelingsfase by skole geïmplementeer kan word.

Subtema 2: Ouerleidingprogramme

Respondente het tydens onderhoudvoering te kenne gegee dat programme vir ouers 'n groot leemte is binne die area. Ouerleidingprogramme moet geloods word ten einde ouers te bemagtig oor hoe om seksuele misbruik van hul kinders te identifiseer en te hanteer. Vier van die respondente het die volgende in hierdie verband genoem:

-  *Ek voel net daar moet strategieë in plek wees om ouers te bemagtig oor hoe om seksuele misbruik aan te meld.*
-  *Die ouer kry nie genoeg leiding oor hoe om die kind te hanteer nie.*
-  *Ouerleiding is dus noodsaaklik vir ouers.*
-  *Want die ouer het geweet die kind is gemolesteer maar het nie geweet hoe die proses werk nie.*

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (SA, 2010:76) steun die siening dat voorkomings- en opvoedkundige programme vir ouers noodsaaklik is om seksuele misbruik van kinders te verminder. Wanneer ouers die identifisering en voorkoms van seksuele misbruik van kinders beter verstaan, sal dit lei tot minder gevalle van seksuele misbruik. Anon. (2001:74) is ook van mening dat programme vir ouerleiding aangepas moet word. Dieselfde skrywers meen dat die volgende komponente by die programme ingesluit behoort te word:

- Voorkoming en identifisering van seksuele misbruik van kinders;
- Alternatiewe huisvesting om die betrokke slagoffer te beveilig.

Krug *et al.* (2002:70) wys daarop dat programme daarop moet fokus om ouers te bemagtig met kennis oor kinderontwikkeling en hoe om seksuele misbruik te hanteer. Hulle meen verder dat nie net ouers van slagoffers geteiken moet word nie, maar dat dit alle lede van die gemeenskap moet insluit. Anon. (2002:8) wys daarop dat effektiewe programme geïmplementeer moet word sodat die gemeenskap die programme wil ondersteun, daaraan deelneem en rolspelers beter samewerking bied.

Subtema 3: Opleiding aan rolspelers

Vyf van die respondente het hul ervarings met die rapportering van seksuele misbruik by professionele beamptes as negatief beskryf. Respondente 4 en 8 het aangedui dat opleiding aan beamptes noodsaaklik is:

-  *Die polisie sal moet beter opleiding kry tov die hantering van aangemelde gevalle.*
-  *Ek dink dat ons moet professionele beamptes wat met die gevalle werk oplei in verband met die trauma van die slagoffer.*

Die respondente se opinie word beaam deur Lewis (2003:17) wat daarop wys dat beamptes in die landelike areas sensitief moet wees en dat opleiding noodsaaklik is. Sy meld verder dat opleiding aan die SAPD en Gesondheidspersoneel 'n positiewe effek kan hê. Eweneens wys Mattingly en Walsh (2012:3) daarop dat opleiding aan diensverskaffers in landelike areas belangrik is ten einde die kwaliteit van dienslewering aan kinders te verbeter. Chomba *et al.* (2010:9) stem saam dat opleiding aan rolspelers noodsaaklik is om seksuele misbruik suksesvol te bekamp.

Krug *et al.* (2002:72) stem saam dat voortdurende opleiding vir professionele beamptes nodig is vir die identifisering en rapportering van seksuele misbruik van kinders. Anon. (2002:7) wys daarop dat alle beamptes wat betrokke is by seksuele misbruik, nie die nodige opleiding ondergaan het nie. Dit beteken uiteraard dat hulle nie oor die nodige kennis of vaardighede beskik om met slagoffers te kan werk nie. Tekortkominge soos dié het dus 'n negatiewe effek op die slagoffer en gemeenskap.

Anon. (2003:18) steun bogenoemde en beklemtoon dat alle professionele beamptes, veral gesondheidspersoneel, wat met slagoffers werk, die nodige intense opleiding moet ondergaan. Vaardighede kan slegs verbreed en verbeter word met voortdurende opleiding op hierdie gebied.

Subtema 4: Deurlopende dienste aan die slagoffer

Respondente het hul kommer uitgespreek oor die gebrek aan deurlopende dienste aan die slagoffer. Respondent 12 beklemtoon dat veral howe nie altyd kindervriendelik is nie en dat kinders gewoonlik gevoelens van angs en vrees het hiervoor. Indien daar deurlopend met slagoffers gewerk word, skep dit ook geleenthede vir hofvoorbereiding. Van die respondente se opinies is die volgende:

- 📌 *Die insident van seksuele misbruik word nie goed genoeg opgevolg deur support groups vir die slagoffer nie.*
- 📌 *Berading is nodig, nie die tipe wat hulle hier doen nie, want dit is nie effektief nie.*
- 📌 *Die kinders moet gereeld berading ontvang – nie net vir een dag nie.*

Richter en Dawes (2008:90) wys daarop dat ten einde sekondêre trauma by kinders te voorkom, hulpbronne beter benut moet word. Hierdie skrywers en Cody (2010:216) sê dat dienste vir herintegrasie en herstel noodsaaklik is. Allnock (2009:6) dui daarop dat dienste aan die slagoffer in landelike gebiede beperk is en wanneer beskikbaar, nie altyd toeganklik nie. Krug *et al.* (2002:71) is van opinie dat daar ook gefokus moet word op dienste aan die gesinslede van 'n slagoffer. Cody (2010:216) meen dat veral die slagoffer se ouers 'n groot rol speel om die slagoffer te ondersteun en te help aanpas in die gemeenskap. Waterhouse (2008:37) en Wuhlson (2001:380) stem saam dat ondersteuningsdienste aan beide die slagoffer en hul gesinne noodsaaklik is. Hulle meen dat veral opvolg-berading aan die slagoffer krities is.

Respondente 9, 11, 12, 14 en 15 het ook verder hul misnoeë uitgespreek ten opsigte van die gebrek aan ondersteuning wat aan die slagoffer gebied word. Respondent 4 wys daarop dat daar wel dienste aan die slagoffer gebied word maar dat daar ruimte is vir verbetering van dienste. Jakubec *et al.* (2013:433-434) steun dié siening en dui daarop dat die opvolgdienste noodsaaklik is vir slagoffers in landelike gebiede. Bande moet met die slagoffer se familie versterk word ten einde die volhoubaarheid van dienste te verseker. Turner (2013:30) wys daarop dat ondersteuningsgroepe vir slagoffers van seksuele misbruik noodsaaklik is. Daar moet 'n platform geskep word waar slagoffers hul unieke ervarings met ander kan deel. Dit skep ook verder 'n geleentheid vir slagoffers om mekaar te ondersteun.

Anon. (2002:7) is van mening dat dienste aan slagoffers in landelike gebiede beperk is. Landelike gemeenskappe geniet dus nie altyd dieselfde dienste as inwoners in stedelike gebiede nie. Reyneke en Kruger (2006:92-93) is dit eens dat kinders wat slagoffers is van seksuele misbruik, ondersteuningsdienste moet kan benut. Hulle meld dat verskeie dienste soos berading, gespesialiseerde terapie en assessering beskikbaar moet wees. Van Niekerk (2003: 16) verduidelik ook dat terapie noodsaaklik is vir kinders wat slagoffers is van seksuele misbruik. Hierdie dienste moet ten alle tye beskikbaar en toeganklik wees. Prinsloo (2010:1) wys verder daarop dat kinders wat slagoffers is van seksuele misbruik baie kwesbaar is en moet daar ook veral gekyk word na ondersteuningsdienste voor en na hofverrigtinge, veral aangesien die hof-opset 'n baie stresvolle gebeurtenis is.

Ondersteuning aan slagoffers ná hofverrigtinge blyk noodsaaklik te wees, veral in landelike gebiede. Omdat landelike gebiede gewoonlik baie klein geografiese areas is, ken al die inwoners mekaar en is dit dus nie maklik om die slagoffer en die gesin te laat integreer nie.

8. Gevolgtrekkings

Gebaseer op die resultate, is die belangrikste gevolgtrekkings wat gemaak kan word die volgende:

- Tydens die studie moes respondente seksuele misbruik definieer en dit blyk dat hulle die omskrywing van seksuele misbruik ken en verstaan. Daar kan egter verdere werkwinkels in die area gehou word om hul kennis oor seksuele misbruik te verbreed. Departemente soos Maatskaplike Dienste, Justisie en Gesondheid kan hier gesamentlike pogings aanwend om verdere bewusmaking oor die omskrywing en aard van seksuele misbruik te bevorder.
- Die voorkoms van seksuele misbruik van kinders in landelike areas is hoog en word gereflekteer in die resultate soos verkry deur respondente. Die uitdagings lê by die aanmelding daarvan.
- Alle rolspelers is dit eens dat huidige prosedures vir die aanmelding van seksuele misbruik van kinders in die landelike area, nie effektief is nie. Die huidige prosedures moet dus hersien en die leemtes aangespreek word.

- Die houding/gedrag van rolspelers het 'n negatiewe effek op kinders en ouers wat slagoffers is van seksuele misbruik en gevolglik word dit nie aangemeld nie.
- Die beskikbaarheid van alle rolspelers en hul toeganklikheid vir die gemeenskap, wek kommer en het 'n negatiewe effek op dienslewering.
- Samewerking tussen gemeenskapslede en rolspelers blyk ook 'n uitdaging te wees. Respondente spreek 'n behoefte uit dat samewerking en kommunikasie tussen hierdie partye moet verbeter.
- Gebrekkige ondersteuningsdienste vir die slagoffer ná aanmelding en tydens en ná hofverrigtinge, is 'n leemte.
- Alternatiewe prosedures blyk noodsaaklik te wees vir die aanmelding van seksuele misbruik in landelike areas, aangesien die huidige prosedures nie effektief is nie.
- Bewusmakingsprogramme wat volhoubaar is, moet aangebied word aan die gemeenskap en kinders in landelike gebiede.
- Ouerleidingsprogramme is nodig om ouers te bemagtig vir die voorkoms en hantering van seksuele misbruik van kinders.
- Opleiding aan professionele beamptes is noodsaaklik om die sensitiwiteit wat gepaard gaan met seksuele misbruik, beter te kan hanteer en sekondêre trauma te voorkom.
- Deurlopende en opvolgdienste aan die slagoffer en sy/haar gesin blyk nog 'n leemte te wees.

9. Aanbevelings

Op grond van die bevindings en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

- Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling moet die huidige beskikbaarheid van hul maatskaplike werkers in die area hersien. Dienste moet ten alle tye toeganklik wees vir die gemeenskap. Mannekrag moet in plek gestel word ten einde die behoefte aan dienslewering aan te spreek.
- Die aanstelling van 'n multidissiplinêre span is noodsaaklik om die aanmelding van seksuele misbruik aan te spreek.

- Samewerking tussen maatskaplike werkers van NGO's en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is nodig.
- 'n 24 Uur protokoldiens moet ontwikkel word om begeleiding en ondersteuning aan slagoffers van seksuele misbruik te verseker. Hierdie diens dien dan as 'n skakel tussen die gemeenskap en die maatskaplike dienste oor naweke en ná-werksure, deur middel van selfoon-oproepe.
- Voortgesette opleiding aan rolspelers wat betrokke is by die aanmelding en dienslewering by slagoffers van seksuele misbruik, is nodig. Opleiding moet fokus op die hantering van slagoffers en die sensitiwiteit wat daarmee gepaard moet gaan.
- Deurlopende ouerleidingprogramme is noodsaaklik om bewusmaking oor alle aspekte van seksuele misbruik te verseker. Die ouerleidingprogramme moet fokus op aspekte soos beskerming van kinders, die protokol vir aanmelding, identifisering van seksuele misbruik by hul kinders asook die aanleer van vaardighede soos effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind, die ouer se rol en verantwoordelikhede asook wetlike aspekte rondom die nie-nakoming van ouerlike verantwoordelikhede.
- Bewusmakingsprogramme moet binne die gemeenskap en in skole geïmplementeer word as 'n manier om die gemeenskap te bemagtig. Dit sluit in die identifisering van seksuele misbruik asook die protokol om te volg wanneer seksuele misbruik aangemeld moet word. Programme moet kindervriendelik wees en kan bogenoemde veral vir jonger kinders met behulp van 'n poppekas oorgedra word.
- Deurlopende en opvolgdienste moet verskaf word aan die slagoffer en sy/haar gesinslede. Een beampte per gesin vanaf die staanspoor, sou ideaal wees. Dit sou die betrokkenheid van verskeie persone by een geval voorkom. Kontak moet so gereeld as moontlik met gesinne en slagoffers gemaak word en slagoffers sowel as gesinslede moet ook by ondersteuningsgroepe ingeskakel word.
- Riglyne/prosedures vir die aanmelding van seksuele misbruik in landelike areas behoort opgestel te word. Die persone verantwoordelik vir dienslewering moet bekend wees aan die gemeenskap.

10. Slotgedagte

Die doelstelling van hierdie navorsing was om die persepsies te bepaal van rolspelers aangaande die prosedures vir die aanmelding van seksuele misbruik van kinders in 'n landelike gebied.

Dit is duidelik uit die navorsingsresultate dat die rolspelers van mening is dat die huidige aanmeldingsprosedures nie effektief is nie en dat alternatiewe prosedures vir aanmelding van seksuele misbruik noodsaaklik is.

Die sentrale teoretiese stelling van die navorsing is bewys, naamlik dat kinders in landelike gebiede in Suid-Afrika dit moeilik vind om seksuele misbruik aan te meld.

Bronnelys

Allnock, D. 2009. Sexual abuse and therapeutic services for children and young people. The gap between the provision and need. *NSPCC*. 1-15

Anangisye, W. & Barret, A. 2005. Professional status and responsibility: Tanzanian teacher's views on misconduct. *Economic and Social Research Council*: 1-16.

Andrews, R. 2003. Research questions. London: Continuum.

ANON. 2001. Children's protection and civil rights.

http://www.unicef.org/specialsession/about/sgreport_pdf/sgrep_adapt_part2_eng.pdf

Datum van gebruik: 16 Junie 2014.

ANON. 2002. Rural victims of crime.

http://www.academicdepartments.musc.edu/scvaal/Academic_Topics/textpdf/CH21.07.Ruralvictims.pdf

Datum van gebruik: 16 Junie 2014.

ANON. 2003. Service provision for victims of sexual violence.

http://www.who.int/violenceinjury_prevention/resources/publications/and/guidelines_chapter3.pdf

Datum van gebruik: 16 Junie 2014.

ANON. 2009. A Child raped every three minutes. *News 24 (3 June)*: 1.

Babbie, E. 2013. The practice of social research. Toronto: Cengage.

Babbie, E., Mouton, J., Vorster, P. & Prozesky, B. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Botma, Y., Greef, M., Mulaudzi, F.M. & Wright, S.C.D. 2010. Research in Health Sciences. Kaapstad: Heinemann, Pearson Education.

Chomba, E., Murray, L., Kautzanon, M., Haworth, A., Kasese-Bota, M., Kansasa, C., Mwansa, K., Thea, D. & Semrau, K. 2010. Integration of services for victims of child

sexual abuse at the university teaching hospital one stop centre. *Journal of Tropical Medicine*: 1-9.

Christofides, C., Webster, N., Jewkes, R., Penn-Kekana, L., Martin, L., Abrahams, N. & Kim, J. 2003. The state of sexual assault services: findings from a situation analysis of services in South-Africa. *The South African Gender Based Violence and Health Initiative*.

Cody, C. 2010. Recovery services for child victims of sexual violence and their families—What can be offered? (In Lalor, K., McElvany, R., Ruelle, E. et al. Protecting children from sexual violence: a comprehensive approach. Stasborg: Council of Europe: 203-222).

Concise Oxford English Dictionary 12th Edition. 2011. Oxford University Press: United States.

Creswell, J.C. 2007. Qualitative inquiry and research design: Choosing among five approaches, 2nd edition. California: Sage Publications Inc.

Cruise, T. 2004. Sexual abuse of children and adolescents. *National Association of School Psychologists*: 5-8.

Csásky, C. 2008. No one to turn to: the under-reporting of child sexual exploitation and abuse by aid workers and peace keepers. London: Grasshopper Design Company.

Cummins, L.K., Byers, K.V. & Pedrick, L.V. 2010. Policy practice for social workers: new strategies for a new era. USA: Pearson Higher Education.

Cussons, M. & Strydom, C. 2013. Experiences of social workers in investigating child sexual abuse. *The Social Work Practitioner-Researcher*, 25 (1): 59-78.

Daley, M.R. & Hickman, S. 2011. Dual relations and beyond: understanding and addressing ethical challenges for rural social work. *Journal of Social Work Values & Ethics*, 8 (1): 1-14.

Dawson, J. & Wells, M. 2007. Crimes involving child victims: Law enforcement reporting to child protective services in rural communities. *Journal of Public Child Welfare*, 1 (4): 43-65.

Dunn, M. 2008. The HOCC board game as preventative measure against child sexual abuse within the South African Context. *Child Abuse Research*, 9 (2):37-48.

Engel, R.J. & Schutt. 2013. The practice of research in social work. London: SAGE Publications.

Flick, U.W.V. 2009. An introduction to qualitative research. London: SAGE Publications.

Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. Introduction to the research process. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. eds. Research at grass roots:for the social sciences and human service professions, 4th edition. Pretoria: Van Schaik, 61-76).

Francis, K., Chapman, Y., Sellick, James, A., Miles, M., Jones, J. & Grant, J. 2012. The decision-making processes adopted by rurally located mandated professionals when child abuse or neglect is suspected. *Contemporary Nurse*, 41 (1): 58-69.

Gallinetti, J. 2004. Legal definitions and practices in child sexual abuse. (In Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C. Sexual abuse of young children in Southern-Africa.) Cape Town: HSRC Press.

Giardino, A.P. 2007. Helping children affected by abuse: a parents and teachers handbook for increasing awareness. St.Louis: G.W.Medical Publishing Inc.

Gilbert, N. 2006. From post graduate to social scientist: a guide to key skills. London: SAGE Publications.

Glesne, C. 2006. Becoming qualitative researchers; an introduction, 3rd edition. USA: Boston, Pearson Education.

Greytak, E.A. 2009. Are teachers prepared? Predictors of teachers readiness to serve as mandated reporters of child sexual abuse. Pennsylvania. University of Pennsylvania. (Proefskrif-PhD.) 363 p.

Hart, L.G., Larson, E.H. & Lisher, D.M. 2005. Rural definitions for health policy and research. *American Journal of Public Health*, 95 (7): 1149-1155.

Holm-Hansen, C. & Kelly, L. M. 2007. Critical issues in sexual assault. *Wilder Research*, 1-26.

Howe, D.2005. Child abuse and neglect: attachment, development and intervention. New-York: Palgrave Macmillar.

Jakubec, S.L., Carter-Snell, C.J., Ofrim, J. & Skanderup, J. 2013. Identifying rural sexual assault service strengths, concerns and educational needs in rural and aboriginal communities Alberta,Canada. *Enfermeria Global*, 31: 427-442.

Jones-Lockwood, A. 2010. Stopping the stigma: changing public perceptions of sexual assault in rural communities. *CALCASA*. 1-29.

King, D.N. 2006. Multi-disciplinary teams and collaboration in child abuse intervention. *National Children's Advocacy Center*, 1-5.

Kirstner, U., Fox, S. & Parker, W. 2004. Child sexual abuse and HIV/AIDS in South-Africa. Braamfontein: Centre for AIDS Development, Research and Evaluation (CADRE).

Koelble, T.A. & LiPuma, E. 2010. Institutional obstacles to service delivery in South-Africa. *Social Dynamics*, 36 (3): 565-589.

Krug, E.G., Dahlberg, L.L., Mercy, J.A., Zwai, A.B. & Lozano, R. 2002. Child abuse and neglect by parents and other care givers. *World Health Organization: Switzerland*, 59-86.

Lalor, K. 2004. Child sexual abuse in Tanzania and Kenya. *Child sexual abuse and neglect*. 28(8):883-844.

Larsen, J.V., Chapman, J.A. & Armstrong, A. 1998. Child Sexual Abuse in KwaZulu-Natal, South-Africa. *The Royal Society of Tropical Medicine and Hygiene*, 92: 262-264.

Lewis, S. 2003. Unspoken Crimes: sexual assault in rural America. Atlanta: The National Sexual Violence Resource Centre.

Linn, D., Li, X., Fan.& Fang, X., 2011. Child sexual abuse and its relationship with the health risk behaviours among rural children and adolescents in Hunan, China. *Child Abuse and Neglect*, 35 (1):680-687.

Louw, N. 2000. Child sexual abuse – An educational perspective on its prevention, intervention in cases, and care and support of victims. *CARSA*, 1 (2): 24-30.

Marchetti-Mercer, M.C. 2003. A socio-psychological perspective on the phenomenon of infant rapes in South-Africa. *South –African Psychiatry Review*. 6: 6-12

Marshall, C. & Rossman, G.B. 2006. Designing qualitative research, 4th edition. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications.

Matthews, S., Loots, L., Sikweyiya, Y. & Jewkes, R. 2011. Sexual abuse. Tygerberg: Gender and Health Research Unit.

Mattingly, M.J. & Walsh, W.A. 2010. Rural families with a child abuse report are more likely headed by a single parent and endure economic stress. *Carsley Institute*, 3 (10):1-5.

Mattingly, M.J. & Walsh, W.A. 2012. Understanding child abuse in rural and urban America. Risk factors and maltreatment substantiation. *Carsley Institute*, 50:1-3.

Muuld, A. S. 2006. How do define 'rurality' in the teaching on medical demography? *The International Electronic Journal and Remote Health Research, Education, Practice and Policy*, 7: 1-7.

Neame, A. & Heenan, M. 2004. Responding to sexual assault in rural communities. Australia: Melbourne: Impact Printing.

OlsonO'Neil, E., Gabel, J., Huckins, S. & Harder, J. 2010. Prevention of child abuse and neglect through church and social service collaboration. *Social Work & Christianity*, 37 (4): 381- 406.

Pharos: Verklarende Woordeboek. 2011. NB Uitgewers: Kaapstad.

Pole, C. & Lampard, R. 2002. Practical social investigation. Qualitative and quantitative methods in social research. London: Pearson Education.

Prinsloo, J. 2010. The constitutional right to protection of child victims and witnesses in the South-African criminal justice system: Director of Public Prosecutions, Transvaal Minister of Justice and Constitutional Development, and others. *Child Abuse Research*, 11(1): 1-10

Pugh, R., Scharf, T., Williams, C. & Roberts, D. 2007. Obstacles to using and providing rural social care. *Social Institute for Excellence*, 1-12.

Reyneke, J.M. & Kruger, H.B. 2006. Sexual Offences Courts: better justice for children? *Journal for Juridical Science*, 31 (2):73-107.

Rich, K.S. & Seffrin, P. 2012. Police interviews of sexual assault reporters: Do attitudes matter. *Violence and Victims*, 27 (2): 263-297.

Richter, M.L. & Dawes, A.R.L. 2008. Child abuse in South-Africa. *Child Abuse Review*, 17: 79-93.

Riebschleger, J. 2007. Social workers suggestions for effective rural practice. *Families in Society. The Journal of Contemporary Social Services*, 88 (2): 203-213.

Robson, C. 2007. How to do a research project: a guide for undergraduate students. United Kingdom: Blackwell Publishing.

Rosen, M. 2002. Dealing with the effects of rape and incest. United States of America: Chelsea House Publishers.

SA **kyk** Suid-Afrika

Sampson, L. 2011. Inclusion of those that are most left out: portfolio strategy for the period: 2011- 2015.

<http://www.google.co.za/search?q=DGMT+leonie+sampson=utf-8&oe=utf-8&rls=org.mazilla.pdf>

Datum van gebruik: 9 Mei 2013.

Smith, K., Davis, T.M., Tillman, S. & Marks, A. 2009. Stifled Voices: Barriers to help seeking behaviour for South-African childhood sexual assault survivors. *Journal of Child Sexual Abuse*, 19: 255-274.

Spies, G.M. 2006. Sexual abuse: dynamics, assessment & healing. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. 2005. Ethical aspects in the social and human service professions. (In De Vos, A.S., Strydom, C.B., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions, 3rd edition. Pretoria: Van Schaik Publishers, 56-70).

Strydom, H. 2011. Sampling in the qualitative paradigm. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. eds. Research at grass roots:for the social sciences and human service professions, 4th edition. Pretoria: Van Schaik, 222-235).

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2011. Ethical aspects of research in the social sciences and human professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L. eds. Research at grass roots:for the social sciences and human service professions, 4th edition. Pretoria: Van Schaik, 390-423).

Suid-Afrika. 2003. Suid-Afrikaanse Polisie diens. Die Misdaad Informatie Beheersentrum van die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Pretoria: Staatsdrukkers.

Suid-Afrika. 2005. Children's Act no 38 of 2005. Pretoria: Government Printers.

Suid-Afrika. 2007. Seksuele Oortredingswet 32 van 2007. Pretoria: Staatsdrukkers.

Suid-Afrika. 2010. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996), 2de Uitgawe. Kaapstad: Juta Uitgewers.

Suid-Afrika. Departement van Maatskaplike Ontwikkeling 2010. The National Policy Guidelines for Victim Empowerment. Pretoria: Government Printers.

Suid-Afrika. 2010. Die Kinderwet en Regulasies (Wet 38 van 2005).1ste Uitgawe. Kaapstad: Juta & Co. Ltd.

Tenkorang, E.Y. & Gyiman, S.O. 2012. Physical abuse in early childhood and transition to the first sexual intercourse among youth in Cape-Town, South-Africa. *Journal of sex research*, 49 (5): 508-517.

Trotter, C. 2004. Helping abused children and their families . London: SAGE Publications.

Turner, A. 2013. Rural domestic and sexual abuse program advocates: making a difference in the lives of older survivors of abuse. *National Clearinghouse on Abuse*. 1-40.

Van Niekerk, J. 2003. Failing our future. Responding to the sexual abuse of children. *SA Crime Quarterly*, 3:11-16.

Van Niekerk, J. 2005. Sexual abuse of children. (In Padaychee, S. Children and the Law). Pietermaritzburg: Mills Litho.

Van Wyk, C. 2011. 'n Jungiaanse perspektief op die reekstekeninge van 'n seksueel-mishandelde kind. *Litnet Akademies*, 8 (3): 411-421.

Vermeulen, A. & Fouché, C. B. 2006. The relevance of family structure to the victim-perpetrator relationship in child sexual abuse in South-Africa. *Child Abuse Research in South-Africa*, 7 (1).

Walji-Moloo, D. 2000. Awareness and views regarding child sexual abuse and child rights in selected communities in Kenya. *ANPPCAN*, 1-29.

Wall, L. & Statapoulus, M. 2012. A snapshot of how local context affects sexual assault service provision in regional,rural and remote Australia. *Australia Institute of Family studies*, 13: 2-14.

Waterhouse, S. 2008. The impact of changing criminal justice responses to child victims of sexual abuse: good intensions, questionable outcomes. *Criminal Justice Initiative Ossacional Paper*. 4: 1-45

Wuhlson, A. H. 2001. Overview of medical management of victims of sexual abuse. *The South –African Journal of HIV Medicine*. 37-40

Yen, C.F., Yang, M.S., Yang, M.J., Su, Y.C., Wang, M.H. & Lan, C.M. 2008. Childhood physical and sexual abuse:Prevalence and correlates among adolescents living in rural Taiwan. *Child Abuse & Neglect*, 32.

Yun, I., Swindell, S. & Kercher, G. 2009. Victim Services Delivery:A Comparison of Rural and Urban Communities. *The Southern West Journal of Criminal Justice*, 6 (2): 145-162.

BYLAAG 1: SKIFTELIKE TOESTEMMING VAN DIE DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING



Directorate Research, Population and Knowledge Management

tel: +27 21 483 4595 fax: +27 21 483 5602
14 Queen Victoria Street, Cape Town, 8000
www.capegateway.gov.za

Reference: 12/1/2/4

Enquiries: Clinton Daniels/Petro Brink

Tel: 021 483 8658/021 4834512

Ms Chanay Pause
29 Fairway Crescent Lavalia
GEORGE
6530

Dear Ms Pause


RE: ETHICAL APPROVAL TO UNDERTAKE RESEARCH IN THE DEPARTMENT OF SOCIAL DEVELOPMENT

Your request for ethical approval to undertake research in the Department of Social Development refers. It is a pleasure to inform you that your request has been approved by the Research Ethics Committee (REC) of the Department, subject to the following conditions:

- That the Secretariat of the Research Ethics Committee be informed in writing of any changes made to your research proposal and instruments after permission has been granted and be given the opportunity to respond to these changes.
- That ethical standards and practices as contained in the Department's Research Ethics Policy be maintained throughout the research study, in particular, that written informed consent be obtained from participants. The confidentiality and anonymity of participants, who agree to participate in the research, must be protected in the dissertation and any other publications that may emanate from your research.
- In the undertaking of the approved research, please ensure that any possible conflict of interest as well as influencing of participants to participate through the withholding of information or deception in view of your dual role as researcher and official, is avoided.
- The informed consent forms you have prepared should clearly indicate the following:
 - That the Research you are undertaking is for private purposes and that it is subject to the oversight to the Department's Research Ethics Committee (REC). The REC Secretariat's contact details should be provided in the consent form.
- Please note that the Department supports the undertaking of research in order to contribute to the development of the body of knowledge as well as the publication and dissemination of the results of research. However, the manner in which research is undertaken and the findings of research reported should not result in the stigmatisation, labelling and/or victimisation of beneficiaries of its services.

- The Department should receive a copy of your final research dissertation, and be given the opportunity to comment before the publication of your research findings.
- That the Department be informed of any intended publications and presentations (at conferences and otherwise) of the research findings. This should be done in writing to the Secretariat of the REC. The Department should be acknowledged in all scientific/conference papers and publications that result from the data collected in the Department.
- Please note that the Department cannot guarantee that the intended sample size as described in your proposal will be realised.
- Please note that logistical arrangements for the research must be made with the Regional Managers for Eden Karoo, Ms M. Hendricks, subject to the operational requirements and service delivery priorities of the Department.
- Failure to comply with these conditions can result in this approval being revoked.

Yours sincerely



Ms M. Johnson

Chairperson: Research Ethics Committee

Date: 23/7/14

BYLAAG 2: SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN DEELNEMERS

INGELIGTE TOESTEMMING: VOORNEMENDE DEELNEMERS

Hiermee gee ek,
toestemming om deel uit te maak van die navorsingsprojek van:

CHANAY PAULSE

Studentenommer: 239 178 73

ID-nommer: 851016 0081 089

Ek verstaan dat die bogenoemde student besig is met die navorsingsprojek as deel van haar meestersgraadstudies en dat sy nie die navorsing in haar hoedanigheid as maatskaplike werker by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verrig nie. Ek verstaan dat die navorsing deur haar studieleier en twee afsonderlike komitees van die Noordwes-Universiteit nagesien en goedgekeur sal word as deel van haar studievereistes.

Die volgende informasie is met my bespreek en ek verstaan dus dat:

- Die doel van die navorsing is om die persepsies van rolspelers in die Uniondale area tov aanmelding van seksuele misbruik te verken, eksploreer en te verstaan.
- Die navorsing gaan gedoen word deur onderhoude te voer met deelnemers, in 'n poging om alle relevante inligting in te samel.
- Die student gaan gebruik maak van video-opnames en bandopnames as data-insamelingsmeganismes.
- Ek mag my op enige stadium van die navorsing onttrek sou ek voel dat dit nodig is.
- Die student het die verantwoordelikheid om alle ingesamelde data so konfidensieel en anoniem as moontlik te hanteer.

- Die student onderneem om die ingesamelde data so getrou moontlik in die finale verslag te reflekteer.
- Die student onderneem om altyd oop en eerlik te wees en geen inligting van my te weerhou om my deelname te verseker nie.
- Enige ander etiese aspekte wat te voorskyn mag kom, sal hanteer word deur die student, haar studieleier en die twee navorsingskomitees van die Noordwes-Universiteit.
- Die resultate van die studie gaan in professionele joernale publiseer word. Die identiteit van die deelnemers sal egter vertroulik wees.

Handtekening van die voornemende deelnemer:

Datum:

Handtekening van die student:

Datum:



Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 299-4900
Faks: (018) 299-4910
Web: <http://www.nwu.ac.za>

BYLAAG 3: SERTIFIKAAT VAN ETIESE GOEDKEURING

Ethics Committee

Tel +27 18 299 4850
Fax +27 18 293 5329
Email Ethics@nwu.ac.za

2009-09-25

Dr.C Wessels

ETHICS APPROVAL OF PROJECT

The North-West University Ethics Committee (NWU-EC) hereby approves your project as indicated below. This implies that the NWU-EC grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the project may be initiated, using the ethics number below.

Project title	The development and evaluation of programs and a protocol in Forensic Social Work														
Ethics number:	N	W	U	-	0	0	0	2	7	-	0	9	-	A	1
	Institution				Project Number						Year		Status		
	Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation														
Approval date:	12 August 2009							Expiry date: 11 August 2014							

Special conditions of the approval (if any): None

General conditions:

While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:

- The project leader (principle investigator) must report in the prescribed format to the NWU-EC:
 - annually (or as otherwise requested) on the progress of the project,
 - without any delay in case of any adverse event (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the project.
- The approval applies strictly to the protocol as stipulated in the application form. Would any changes to the protocol be deemed necessary during the course of the project, the project leader must apply for approval of these changes at the NWU-EC. Would there be deviated from the project protocol without the necessary approval of such changes, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.
- The date of approval indicates the first date that the project may be started. Would the project have to continue after the expiry date, a new application must be made to the NWU-EC and new approval received before or on the expiry date.
- In the interest of ethical responsibility the NWU-EC retains the right to:
 - request access to any information or data at any time during the course or after completion of the project;
 - withdraw or postpone approval if:
 - any unethical principles or practices of the project are revealed or suspected,
 - it becomes apparent that any relevant information was withheld from the NWU-EC or that information has been false or misrepresented,
 - the required annual report and reporting of adverse events was not done timely and accurately,
 - new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance
Yours sincerely

Prof Amanda Lourens
(*chair NWU Ethics Committee*)

BYLAAG 4: BRIEF VAN OOREENKOMS

BRIEF VAN OOREENKOMS

Brief van ooreenkoms tussen die deelnemer en die navorser

Ek, Chanay Paulse verklaar hierdeur dat alle inligting soos verkry word gedurende die navorsing konfidensieel sal bly. Die video opnames sal die eiendom van die navorser bly en sal slegs gebruik word om inligting te verkry vir die doeleindes van die navorsing.

Geen van die deelnemers se persoonlike inligting sal gebruik word in die navorsing nie. Die navorsing impliseer dus geen fisiese of emosionele skade aan deelnemers nie. Die fokus van die navorsing is dus slegs voordelig vir die professie van maatskaplike werk.

Die deelname van deelnemers is total vrywilig en sal geen misleiding van deelnemers plaasvind nie. Die deelnemers sal wanneer die navorsing voltooi is, ingelig word oor die bevindinge.

Die navorser se aksies en bevoegdheid sal gelei word deur Proff. C. Strydom van die Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus). Die resultate sal gepubliseer word en sal dit so objektief en akkuraat as moontlik gereflekteer word.

Ek

.....(Deelnemer)
verklaar hiermee dat ek vrywilig deelneem aan die navorsingsprojek.

Handtekening:

Datum:

BYLAAG 5: BRIEF VIR TAALVERSORGING

JOHANNA MÜLLER

Teksredakteur: Afrikaans

Selnommer 073 3069 073 * E-pos: johanna.muller@nwu.ac.za

Verwysingsnommer: JTR 007

Datum: 19 September 2014

Aan: Me Channay Paulse

channay.paulse@westerncape.gov.za

Beste Channay

Redigering van mini-skripsie

Vind hierby aangeheg die volgende dokumente:

1. Oorspronklike ongeredigeerde dokument
2. Dokument met meeste Track Changes
3. Finaal afgewerkte dokument nadat Track Changes aanvaar en nog veranderinge aangebring is.

Afgesien van die inhoudelike van die dokument wat ek nie kan verander nie, het ek intensief aan die volgende aspekte aandag gegee:

- a. Spelling en taalgebruik
- b. Grammatika en sinskonstruksie
- c. Interpunksie
- d. Algemene formatering en bladuitleg
- e. Paragrafering en tipografie
- f. Betekenisverheldering en aanbieding.

Gee asb aandag aan die volgende:

- Howe (2005:2004) op bl 4 wat nie in die Bronnelys verskyn nie?
- Kontroleer jaartal van Richter en Dawes in teks en kontroleer met Bronnelys;
- Kyk na geelverligte bronne in Bronnelys wat ontbreek;
- Kontroleer al die elektroniese skakels waarna in die Bronnelys verwys word;
- Kontroleer die titel van Anangisye & Barret – vergelyk oorspronklike data met geredigeerde titel.

Laaste twee opmerkings:

- By 1.1 (Sleutelterm) word daar na die term “aanmelding” verwys, terwyl dit nie later in 7 (Begripsomskrywing) hanteer word nie.
- Sou die inhoud van 7 nie eerder vroeër in die dokument by 1.1 kon hanteer word nie?

Kontak my gerus indien daar enige verdere navrae is of hulp benodig word.

Illinois

Vraelys vir deelnemers:

1.Wat verstaan u onder die term seksuele misbruik?

.....

.....

.....

2.Kom seksuele misbruik in u area voor?

.....

.....

3.Huidiglik,volgens u watter prosedures is tans in plek wannneer 'n inwoner seksuele misbruik sou aanmeld?

.....

.....

.....

**4.Is u van mening dat bogenoemde procedures effectief is?
Motiveer u antwoord.**

.....

.....

.....

**5.Dink u alternatieve procedures moet in plek gestel word?
Motiveer u antwoord.**

.....

.....

.....